

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 122**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***DIE GEBED***

**Vraag:** Waarom is die gebed vir die *Christen nodig*?

**Antwoord:** Die gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat ons aan God moet betoon.

**Vraag:** Aan wie alleen wil God sy genade en die Heilige Gees gee?

**Antwoord:** Hy gee dit alleen aan die wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.

**Vraag:** Wat behoort by so 'n gebed wat God welgevallig is en deur Hom ver-hoor word?

**Antwoord:** Ons moet alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, van harte aanroep.

**Vraag:** Waarvoor mag ons alleen bid?

**Antwoord:** Ons mag alleen bid vir al die dinge wat Hy ons beveel het om voor te bid.

**Vraag:** Wat moet ons grondig ken om opreg te bid?

**Antwoord:** Ons moet ons nood en ellendigheid reg en grondig ken om ons voor sy masjesteit te verootmoedig.

**Vraag:** Watter vaste grond moet ons hê as ons bid?

**Antwoord:** God wil ons gebed om Christus wil sekerlik verhoor.

**Vraag:** Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

**Antwoord:** Ons moet bid om alles wat ons vir siel en liggaam nodig het, soos Christus dit ons self geleer het.

**Vraag:** Hoe lui die gebed wat Christus ons geleer het?

**Antwoord:** Volgens Matt. 6:9-13 het Hy ons leer bid:

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word. Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk, en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

(Heidelbergse Kategismus, Deel 1).

# Die gebed van die skepping - *Is dit ook joue?*

## 'n Wriemelende skepping

Duisend-en-een gebeurtenisse speel elke dag rondom ons af ...

Ongetwyfeld is jy by vele daarvan betrokke ... dat jy al droomverlore staan en kyk het na die aanhoudende gewieg van die see, dat jy die bome hoor kreun het onder die loeiende wind, dat jy verruk staan en kyk het as die ondergaande son die aandhemel verf, dat jy met 'n tinteling in jou neus die nat grond en die dennenaalde geruik het toe jy deur die plantasie stap.

Ja, wat gebeur daar nie alles elke dag by die duisende diertjies en die miljoene insektetjies nie!

Die glimlag het ook jou mondhoeke geplooi as jy die ma-kat met haar kleintjies sien speel, ook jy wou al ingryp by die nood van 'n dier wat 'n kleintjie in die wêreld bring, ook jy het al met verwondering staan en kyk hoe die spinnekop vernuftig haar spinnerak span.

Ag, ek hou maar op! Nooit kan ek 'n duisendste opnoem van wat daaglik om ons heen plaasvind nie.

## Waar lei dit heen?

As jy dit sien — al die gewriemel, al die gewoel, al die duisend-en-een kleinighede van elke dag — verstaan jy die sin daarvan?

Miskien sê jy: Dit is bloot gebeure, dit lei nêrens heen nie, dis maar los-staande dinge sonder verband, die gang van die natuur.

Maar dan het jy nog nooit agtergekom wat daar in die natuur vlakvoor jou oë af speel nie; nooit het jy die geheim van die miljoene maaksels se bestaan ontdek nie.

Die geheim is dat die hele skepping wág. Paulus sê (Rom. 8:19): Daar is in die gespook en gekrioel van al die kreature één sug wat daar opstyg: Om die dag te sien wanneer God die volle prag van sy verlore mensekinders gaan onthul!

As jy die joelende menigte by 'n toetswedstryd sien — sê jy dan ook: Dis toevallig dat hulle daar is? En hou jy vol: Hul doen en late is losstaande gebeurtenisse sonder verband?

Nee, jy wéét dat ál die gelag, ál die geskreeu, ál die ge-eet, ál die gedrentel — dit beteken één ding: Daar word gewag!

Kyk weer om jou heen en bemerk hoe daar gehunker word. hoe daar gesmeek word om die groot dag van volkome bevryding (vs. 21).

Smeeek jy sáám ...?

Jy sou dit ironies noem as 'n jong meisie se vriende almal daarna uitsien om haar in al haar prag in haar trourok te sien, maar syself nie in spanning daarop wag nie, selfs nie eers daarvoor voorbereidings tref nie.

Hoe moet ek dit noem as die dag, waarvoor die bonte skepping hul oë biddend op God gerig hou, eintlik die dag is waarop jy, die kroon van God se skepsels, verheerlik moes word, maar dit jou nie raak nie, ag, jy selfs nie eers daarvoor leef nie?

Die dag wanneer God sy kinders ten volle bevry, kán ook jou gloriëdag wees. Dit het God beloof vir elke sondaar wat maar net in sy Seun, Jesus Christus, wil glo.

Vandag nog — terwyl jy hier lees — wil Hy jou sonde wegwas met sy bloed. En Hy wil kom woon met sy Gees in jou onwillige hart. En die Gees sal jou nuut maak — jou laat deel in die eerste paaie-ment van die uiteindelijke glorie. En Hy, die Gees, sal jou weer leer om jou oë te sluit en jou hande te vou en saam met sy hele wêreld te vra: "Kom Here Jesus, kom gou!"

En dan sal jy weer jou Bybel lees en jy sal na die dartelende naaldekokers bokant jou visdam kyk, na die eerste lentebloeisels en na die wolke daarbo en jy sal nooit vergeet om vol te wees van die één begeerte: Om die Here van alle Here te sien en jou eie verheerliking. Jy sal geen meubels kan afstof, geen skottelgoed kan was, geen sent kan spaar, geen klere kan aantrek nie, of jy sal onthou: Ek moet dit doen met 'n brandende verlange om eenmaal bevry te word met die volmaakte bevryding wat God ons sal gee.

Mag ek vra: Waarop is jou lewe gerig? Waarna verlang jy? Waarna jaag jy? Waarvoor styg daar uit jou binnenste onhoorbare sugte op?

As die wind vanaand aan die vensterrame ruk en jy die aarde verweg hoor rammel, word dan rooi van skaamte dat jy so diep ongelowig is, dat jy sy beloofde verheerliking so verag en verkwansel, dat jy wat behoort te verlang na jou kroning, nog daagliks in vodde wil gaan. En smeeek God om jou te help om te glo in sy beloftes. En mag dit dan saam met sy heelal die gebed van jou lewe word. Of nog sterker gesê: Mag jou lewe één onophoudelike gebed word!

## **N. DROOMER.**

*En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hulle baie woorde verhoor sal word*

*— Mattheüs 6:7.*

## *Ek bid nie*

### want die Here verhoor nie my gebed nie

Jy sê die Here verhoor nie jou gebed nie . . . Het jy al ondersoek ingestel of die fout nie dalk by **jou** lê nie?

Die vereiste vir 'n ware gebed is **geloof**, geloof dat God wil luister en dat God magtig is om te help. Verder is **ootmoed** nodig, d.w.s. ons moet van ons eie troon afkom, met diepe ontsag, in onderdanigheid en nederigheid tot God nader.

Ook moet ons gebede van **opregtheid** getuig en nie van geveinsdheid nie. Dit beteken dat ons dit nie slegs van God sal bid nie maar sal begeer en stry om dit te verkry. As ons bv. bid om van 'n bepaalde sonde verlos te word, moet ons ook doelbewus teen die sonde stry — anders is ons nie opreg nie. Om opreg te bid beteken om ons ganse sielelewe voor die oë van God te stel en niks te verberg nie.

Verder moet ons met **vrymoedigheid** bid. Vrymoedigheid is nie geestelike oormoed nie, ook nie dwanguitoefening nie, maar die moed en durf om God werklik te smee om die vervulling van sy beloftes.

Ook moet die ware bidder **kennis van God** besit wat Hom in die Bybel aan ons openbaar, **kennis van homself** in sy geestelike nood en sonde-verdorwenheid, **kennis van Jesus Christus** wat die vaste grond vorm vir die verhoring van ons gebed.

Met hierdie paar vereistes in gedagte wil ek jou nou reeds vra: Beantwoord jou gebed hieraan? Moet tog nie die sondes vergeet wat ons gebedslewe nie welgevallig voor God maak nie. Daar is so baie sondige gebede: **Sleurgebede** wat geen ontroering bevat nie, **lippe-gebede** wat nie uit die hart ontspruit nie, **dwang-gebede** wat God wil dwing en nie wil berus dat sy wil moet geskied nie, **egoïstiese** gebede waarin dit om die eie ek bo die eer van God gaan.

### **Onverhoorde gebede**

Kom ons bespreek verder die kwessie van onverhoorde gebede.

In die Skrif kry ons verskillende voorbeelde van onverhoorde gebede: Moses wat die Beloofde Land nie mag binnetrek nie (Deuteronomium 3 : 23—28); Dawid wat om die lewe van sy kind bid (2 Samuel 12 : 16), Paulus wat bid om die doring in die vlees maar die Here wil sy gebed nie verhoor nie (2 Kor. 12 : 7—9).

Daar bestaan dus so-iets soos onverhoorde gebede, maar ek wil jou noual waarsku **om nie te gou te sê dat jou gebed onverhoord bly nie**, want God laat ons dikwels lank wag om daardeur ons geloof te beproef en te louter, of om ons te beproef met watter motief ons bid, of om te bewys of die gebed ons erns is, of om ons te laat volhard in die gebed.

Gestel God wil nie my gebed verhoor nie, dan wil ek met groot beslistheid sê dat God om heilige redes nie my gebed **wil** verhoor nie. Dan gaan **dit** om die eer van God (**die** doring in Paulus se vlees laat God se krag in Paulus se swakheid volbring word) en vir die beswil van die mens **in** Jesus Christus. As God my gebed in daardie opsig sou verhoor, sou ek miskien my teen God verhef of ek sou weggetrek word van die Here. Die apostel Paulus sê in Romeine 8:28: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is". Hierdie woorde geld ook ons onverhoorde gebede.

### **Aanhou**

Nee, my vriend, hou aan met bid.

Die gebed is die ademtog van die siel, die polsslag van ons lewe, 'n magtige wapen in ons geestelike stryd.

Dit is die toegang tot God in die naam van Jesus Christus.

Dit is die vrug van die Heilige Gees as uiting van die nuwe lewe.

Dit is die skakel in die vervulling van die belofte: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word" (Mattheus 7:7).

My vriend, hou op met jou kritiek op die gebed. Hou aan met bid.

### **C. J. Malan.**

#### ***FOLTERPYNE***

*Waarom, o God, moet ek die pyn verduur? Beivaar my tog in my beproewingsuur uit selfbejammering U te kruisverhoor. Gee veeleer dat ek oor en oor sal vra: Waartoe, o God, voortdurend hierdie lydenslot? Dan sal ek lering put uit bittere kastyding tot redding en tot skuldbevryding van my sonde en sondesmet wat ek geërf en daarna opgestapel het.*

*Laat brand, o Here, die doring in my vlees, as dit my moet help om waarlik kind te wees.*

#### ***LIEFDESLYDE***

*Wat 'n volle liefdeslewe ly die mens in sulke leed as hy in sy Godgewyde lyde net van liefde weet.*

*Wees dan in die HERE bly as Sy Liefde jou laat ly; Liefdesleed mag belewe — Liefde en Leed van God gegewe.*

***Joost Heystek.***

# ***DIE GEES TREE VIR ONS IN.***

Romeine 8:27: En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.

As die apostel Paulus sê dat die Gees vir ons intree met onuitspreeklike sugtinge, is dit baie duidelik dat Paulus wil sê dat die Heilige Gees vir ons **BID**.

Daar is Skrifverklaarders wat dit nie so wil verstaan dat die Gees op Sy eie vir ons bid nie. Sommige wil dit so verstaan dat dit die gelowiges is wat hier sugtend bid — maar in vs. 23 het Paulus reeds gesê dat die gelowiges sug — hoekom sal hy dit hier herhaal? Ander wil dit so verstaan dat dit Christus is wat vir ons bid — maar Paulus sê dit in vs. 34. Waarom sal hy dit hier herhaal?

Nee, Paulus wil hier baie duidelik vir ons sê **dat die Heilige Gees vir ons bid**.

Dis 'n wonderskone gedagte dat in die hemel, buite ons, bid Christus vir die gelowiges, op grond van sy volbragte werk aan die kruishout van Golgota.

Op die aarde, bid die Heilige Gees binne ons, vir ons, as ons nie reg weet wat ons moet bid nie.

As u dit wil verstaan, dink aan 'n moeder wat by haar kindjie neerkniel om vir hom te bid. Die kindjie is verward, moeg — kan nie bid nie — en nou kom moeder om die stotterende gebed aan te vul met haar gebed.

Die gebed van die Heilige Gees is 'n aanvullende gebed, in die hart van die gelowige, vir die gelowige.

## **Waarom is dit nodig?**

Noudat ons weet WAT die voorbedding van die Heilige Gees is, kom die vraag dadelik na vore WAAROM dit nodig is.

Paulus antwoord daarop: "want ons weet nie reg wat ons moet bid nie."

Ons het so baie voorbeelde in die Bybel van mense wat verkeerd gebid het:

Dink maar aan die gebed van 'n Jakobus en Johannes wat die vuur van die hemel wou afbid oor die Samaritane. Jesus moes hulle tereg wys dat 'n mens nie so moet bid nie. (Lukas 9:51-56).

Dink aan 'n Petrus wat op die berg van verheerliking hutte wil maak vir Jesus, Moses en Elia. En dan staan daar: want hy wis nie wat om te sê nie. (Markus 9:6).

Dink aan 'n Paulus wat bid dat die doring in die vlees weggeneem moet word, terwyl die Here die doring juis wil laatbly! (2 Kor. 12:9).

Ons kan die voorbeelde vermenig-vuldig as ons net aan ons eie gebede dink: Hoe dikwels weet ons nie wat om te bid nie — en as ons weet wat ons wil bid, hoe dikwels slaan ons gedagtes nie weg nie!

Vanweë die onvolkomenheid van ons gebed is dit nodig dat die Heilige Gees met Sy gebed ons gebed aanvul.

Maar dis nie al rede waarom die Gees vir ons bid nie. Hy is nie slegs die groot AANVULLER in ons gebed nie maar ook die groot OPVOEDER in ons gebed.

Hy leer ons meer en meer om te bid soos Christus sy dissipels geleer het om te bid.

Hy maak ons gebede ryper, meer volwasse, meer volgens die wil van God.

En nou is die aangrypende di: Namate u en ek ryper in ons gebedslewe word, meer en meer na die wil van God bid — na dié mate sal die voorbidding van die Heilige Gees vir ons kan verminder.

### **Magtige betekenis**

Die voorbidding van die Heilige Gees het magtige betekenis.

Paulus sê in ons teksverse: Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is.

As God met sy vlamme oog ons harte deursoek, tref Hy verskriklike dinge daar aan — en onder die verskriklike dinge ook nog soveel gebede wat die eer van God nie soek nie.

Hierdie gedagte dat God my gebedslewe deursoek slaan ons soos 'n skrik om die hart, wil ons heeltemal laat swyg.

Maar dis nou juis hier waar die voorbidding van die Heilige Gees die gelowige so oneindig ten goede kom.

Want terwyl God baie in ons gebede vind wat nie volgens sy wil is nie, vind Hy ook iets wat baie aangenaam is: Die onuitspreeklike sugtinge van die Gees

- wat nie teen Sy wil ingaan nie
- wat nie in botsing kom met sy ewige Goddelike raad nie.

In ons teksverse staan: Omdat Hy ooreenkomstig die **wil** van God vir die heiliges intree.

En omdat God nou weet wat die sugtinge van Die Heilige Gees is, weet God ook

- "wat van sy maaksel is te wagte,
- hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte,
- en dat ons stof van jongs af is gewees". (Ps. 103, 7 ber).

en as God nou luister na die sugtinge van die Gees wat ons swakke gebed aanvul, word ons gebede soos kostelike reukwerk voor die aangesig van die Here.

### **Laat ons die Gees nie bedroef nie**

Noudat ons weet watter magtige betekenis die voorbidding van die Heilige Gees het, laat ons die Gees nie bedroef deur opstandig en ontevrede te wees as God ons gebede nie verhoor soos ons dit wil hê nie. Dit kan wees dat die voorbidding van die Heilige Gees anders is as wat ons begeer!

Dink maar aan Josef wat deur sy broers in die put gegooi is. Hoe het Josef nie gebid in die put om verlossing nie. Maar terwyl Josef bid, bid die Gees: Josef moet na Egipte. En later moes Josef aan sy broers erken: "om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur." (Genesis 45. 5).

Dink aan Paulus. Hy bid dat die doring in die vlees weggenem moet word. Die Gees bid dat die doring moet bly. En omdat die voorbidding van die Gees volgens die wil van God is, bly die doring. (2 Kor. 12, 9).

As God nie u gebed verhoor nie, wees nie opstandig nie, maar bid soos ons Heiland in Getsemane: Nogtans nie soos Ek wil nie maar soos U wil. (Mattheüs 26,39).

Hoe meer ons in berusting buig voor die sugting van die Heilige Gees — hoe meer ons ons aan die wil van God oorgee — des te meer sal ons gebed 'n gebed van die Gees word deur



Wie ons roep: Abba, Vader.

**C.J. Malan**

***Heidelbergse Kategismus. Sondag 20.***

***Vr. Wat glo jy van die Heilige Gees?***

***Antw. Eerstelik, dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is (a). Ten tweede, dat Hy ook aan my gegee is (b) om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak (c), my te troos (d) en ewig by my te bly (e).***

***(a) 1 Joh. 5:7; Gen. 1:2; Jes. 48:16; 1 Kor. 3:16; 6:19; Hand. 5: 3, 4. (b) Gal. 4:6; Matth. 28:19, 20; 11 Kor. 1:22; Ef. 1:13; (c) Gal. 3:14; 1 Petr. 1: 2; 1 Kor. 6:11. (d) Joh. 15:26; Hand. 9:31. (e) Joh. 14:16; 1 Petr. 4:14.***

# ***KAN JY JOU LYDE DRA...?***

Ek wil nie vir jou vra of jy ly nie.

Jy is 'n mens — en om mens te wees is om te ly.

As jy my nie wil glo nie, lees Genesis 3 in die Bybel.

Daar word vertel van die sonde van die eerste mensepaar, Adam en Eva, wat in ongehoorsaamheid na God nie wou luister nie.

Daar word vertel van die verskriklike gevolge van hierdie sonde: Die LYDE wat die mens en die ganse skepping getref het.

Sedert die sondeval is die mens kort van dae en sat van onrus (Job. 14:1).

Daarom vra ek nie vir jou of jy ly nie ..

## **HOE DRA JY JOU LYDE**

Wat ek vir jou wel wil vra is: Hoe dra jy jou lyde?

Dra jy dit met 'n opstandige hart? Is jy een van die mense wat God van onregverdigheid en liefdeloosheid beskuldig omdat Hy dit durf waag om jou te laat swaarkry?

Of dra jy jou lyde met verharding? Is jy een van die onverskilliges wat jou rug op die Here draai, op jou tande kners en vir God sê: Ek sal met my sondige lewe voortgaan?

Of is jy een van hulle wat met Stoïsynse gelatenheid soos 'n pakesel jou lyde dra met die sugtende gedagte: Ek kan tog niks daaraan doen nie?

Of is jy een van hulle wat die hande in die lug gooi en maar liever wil sterf omdat jy dit nie langer kan dra nie?

Indien dit so is wil ek net sê: Al hierdie metodes-van-kruisdra is radikaal verkeerd.

## **HOE MOET MENS JOU LYDE DRA?**

As jy belangstel hoe om jou onder die lydensjuk te gedra, moet jy saam met my die Bybel oopslaan by Filippense 4 vers 13.

Ons lees daar: "Ek is tot alles in staat..."

Die man wat hier praat is Paulus. Hy sê hy is in staat om alles te dra. Uit die teks verband blyk dit dat die "alles" waarvan hy hier praat al die lyde en smarte en ontberinge is wat hy as mens, as Christen en as dissipel in diens van Jesus Christus moes dra.

En nou sê Paulus: Ek kan dit dra ..

Moet tog nie dink Paulus praat groot nie.

Aan die Romeine skryf hy: Ons roem in die verdrukkinge (Rom. 5:3).

Aan die Korinthiërs skryf hy: Daarom gee ons nie moed op nie (2 Kor. 4:16).

En as jy miskien dink dat Paulus hierdie dinge maar net geskryf het sonder om dit uit te voer, lees dan Handeling 16 waar Paulus en Silas lofliedere tot eer van God in die tronk gesing het.

Van Job lees ons dat hy sy geboortedag vervloek het toe die kruis te swaar geword het (Job. 3).

Van Elia lees ons dat hy moedeloos onder die besembos gelê het (1 Konings 19).

Maar van Paulus lees ons nooit dat hy moedeloos word nie.

Inteendeel. Hy sing: "Ek is tot alles in staat..."

### **DIE GEHEIM OM JOU LYDE TE DRA**

Wat was die geheim van Paulus se krag?

Hy sê in Filippense 4 vers 13: „Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Jesus Christus was die geheim van Paulus se optrede.

Net soos die wingerdstok voortdurend sap in die ranke inpers, so is die krag van Jesus Christus in Paulus ingepers.

Deur die **geloof** is die krag van Christus in Paulus ingestort, want hoe meer ons deur die geloof toevlug tot Christus neem, des te meer is ons in staat om ons lyde met geloofsaanvaarding te dra.

Deur die gebed is die krag van Christus in Paulus ingestort, omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid (Kategismus Vr. 116).

Deur die **Woord van God** is die krag van Christus in Paulus ingestort. Paulus het sy Bybel getrou gelees en daarom skryf hy ook aan die Thessalonicense: Verag die profesieë nie (1 Thess. 5:20).

Maar die krag van Jesus is ook in Paulus ingepers in die weg van **tere godsalige lewenswandel**. Paulus het so innig met die Here gewandel dat hy aan die Filippense skryf dat die lewe vir hom Christus is (1:21).

### **KAN EK MY LYDE OOK SO DRA?**

Jy sal nou vir my sê: Dis alles baie mooi — maar ek is nie Paulus nie.

Jy maak 'n groot fout as jy so praat.

Paulus was nie 'n supermens nie, hy was 'n sondaarmens — hy was net soos jy wat hierdie woorde lees, hy wou totaal niks met die Kerk te doen hê nie (lees Handeling 8:1, 9:1).

God moes hom inbreek op die pad na Damaskus (lees Handeling 9:3 ev.).

En toe Paulus ingebreek is, het hy bewend, verbaas gevra: Here, wat wil U hê, moet ek doen? ...

Nouja, dis hierdie woesteling wat in ons teksverse sê dat hy tot alles in staat is.

Hou nou daarom op om te sê dat jy nie daartoe in staat is nie.

Paulus skryf in 1 Timotheüs 1:15: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red van wie ek die vernaamste is."

Soos God vir Paulus as vernaamste sondaar genadig was, wil God jou ook genadig wees.

Neem jou toevlug na Jesus Christus wat aan die kruishout van Golgota gesterf het om jou uit die mag van die duiwel en die sonde te bevry.

Hy is die Seun van God wat uitnooi: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek

sal julle rus gee (Mattheus 11:28).

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig (1 Johannes 1:9).

Jesus Christus sal jou die krag skenk om jou lyde met geloofsaanvaarding te dra ...

### **AS JY NIE JOU LYDE WIL DRA NIE ...**

As jy egter voortgaan met jou onbekeerlike lewe buite Jesus Christus — as jy voortgaan om jou rug op God te keer — as jy nie die taal van die lyde wil verstaan dat die Here jou tot inkeer roep nie — sal die Here vir jou eendag saam met die goddelose sê: Gaan weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. (Lees Mattheus 25:31-46).

**Chris J. Malan.**

*En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die Woord van God — terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak.*

— Efes. 6: 17-19.

**En die twaalf... het gesê:  
Dit is nie reg dat ons die Woord van God nalaat om die tafels te bedien nie.  
Kyk dan uit... na sewe manne... vol van die Heilige Gees en wysheid,..  
maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die Woord.**

— Handeling 6 : 2-4